

**Donderdag 8 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 9:13-21**

**Fokusverse: Openbaring 9:13, 14**

**God gebruik oorloë om oor die wêreld te oordeel en mense tot bekering te roep**

Wanneer die sesde engel op sy trompet blaas, beveel God dat die vier engele by die Eufraatrivier losgemaak moet word. Die Eufraatrivier was die oostelike grens van die Romeinse Ryk. Oorkant die Eufraat het die vyande gebly. In die Ou Testament het Israel se vyande ook oorkant die Eufraat gebly. Dink aan die Babiloniërs en die Assiriërs. Oorlog is dus altyd van die Eufraatrivier se kant af verwag.

Soos ons gehoor het, is daar by die Eufraatrivier vier engele. Hulle is bese engele en staan reg om 'n groot deel van die mensdom met oorloë dood te maak. Die perde en perderuiters simboliseer oorloë wat in hierdie wêreld plaasvind.

Hoekom laat God toe dat die mense gepynig en doodgemaak word deur oorloë? God is die liefdevolle God, maar Hy is ook die regverdige God. En Hy oordeel regverdig oor die sondige wêreld.

Ons moenie aan God se oordeel dink as 'n geïsoleerde gebeurtenis wat by Jesus se wederkoms gaan plaasvind nie. Nee, God se oordeel is een groot eenheid! God is nou reeds besig met sy oordeel totdat die finale oordeel met Jesus se wederkoms aanbreek.

Ons kan dit vergelyk met 'n donderstorm. Vir 'n oomblik is dit stil. En dan skielik, 'n nuwe dreuning wat nog nader is. Weer 'n stilte, maar die wolke bly beweeg. En dan weer 'n slag, nog nader. So hou dit aan totdat die donderweer hier by ons slaan en die reën hard begin val.

So is dit ook met God se oordeel, dit is heertyd daar. Ja, soms is dit vir 'n rukkie stil. Maar daar is heertyd beweging. God berei sy donder voor en elke keer volg daar 'n slag. Elke oorstroming, aardbewing, oorlog of epidemie is 'n openbaring van God se oordeel. Al hierdie dinge gaan aanhou gebeur tot en met Jesus se wederkoms wanneer God se oordeel 'n hoogtepunt bereik.

In God se oordeel sien ons ook sy genade, want Hy gebruik sy regverdige oordeel om mense tot bekering te roep. Met elke natuurramp, epidemie of oorlog word mense opgeroep om hulle tot God te bekeer (vgl. Luk. 13:1-5). Die troos wat gelowiges het, is dat die Here hulle in dit alles vashou, en dat hulle in lewe en in sterwe aan Hom behoort.

*Sing: Skrifbelyning 14-3:1, 4*

*Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)*